



Graad R – Tuis jaar program

3de Kwartaal

Week 1:

- Tel in 2's tot tien en as jy verder kan tot by 20 of 30.
- Kyk na 'n advertensie op televisie en vertel dan vir mamma wat gebeur het.
- Mamma sê 4 woorde. Luister na die klank wat jy aan die begin van elke woord hoor en sê dan watter woord begin nie met dieselfde klank nie. Bv. bad, roos, by, bas.
- Doen die volgende tong oefeninge:
 1. Hondjie se stert (steek jou tong uit en beweeg dit heen en weer.)
 2. Draf soos 'n perd (klikgeluid)
 3. Drink melk soos 'n katjie
 4. Vang vlieë sos 'n verkleurmannetjie

Week 2:

- Oefen om jou skoenveters vas te bind.
- Teken 3 prentjies wat met 'n v begin.
- Tel van 1 – 20 en as jy kan verder.
- Oefen om 'n 7 te skryf. Teken sewe diere.

Week 3:

- Mamma skryf 'n o, a, b, s, t, k en l met haar vinger op jou rug. Jy moet sê watter klank sy skryf.
- Trek lyne van links na regs op 'n bladsy en dan van bo na onder.
- Mamma pak 'n patron met vuurhoutjies en jy moet dit net so napak.
- Gooi en vang 'n tennisbal.

Week 4:

- Mamma sê 'n 3 letter word en jy moet sê watter klank jy in die middel hoor.
- Kyk of jy 'n 5c, 10c, 20c en 50c kan herken
- Sê al die woorde waaraan jy kan dink wat rym met kat, veer, pou, ring, kaas en sit.
- Oefen weer om jou skoenveters te bind.

Week 5:

- Skryf 'n ry 8's. Teken 8 driehoeke, 8 sirkels en 8 vierkante.
- Kyk of jy 'n 50c, R1, R2 e R5 kan herken.
- Luister na die woorde:
Ben, Jan, San, Gladys: Watter naam hoor jy eerste?
stoel, kas, deur skêr: Watter woord hoor jy tweede?
robot, padteken, fiets: Watter woord hoor jy tweede?
motor, pad, trekker, band: Watter woord hoor jy derde?
- Noem getalle onder 10 op. Laat jou kind klap elke keer as hy/sy die getal 8 hoor. Voeg nog 'n instruksie by. Stamp voete as hy/sy die getal 2 hoor. As jou kind dit maklik kan doen, voeg 'n derde instruksie by. Bv. hoes as jy getal 4 hoor.

Week 6:

- Tel terug van 10 – 0 en as jy kan van 20 af.
- Oefen om op een been te spring. (Linker- en regterbeen)
- Ken jy nog jou adres en telefoonnommer? Sê dit vir mamma.
- Kyk hoeveel wasgoedpennetjies kan jy in een minuut aan 'n boek se rand vasknyp.

Week 7:

- Loop met klein treetjies vorentoe met die regtervoet altyd voor. Herhaal met die linkervoet voor.
- Voer die volgende opdragte uit: Kyk links, kyk regs, wys met jou arm na links, wys met jou arm na regs, stamp jou linkervoet, stamp jou regtervoet, maak jou linkeroog toe, maak jou regteroog toe, wys met jou arms vorentoe/agtertoe.
- Probeer om jou van te skryf.
- Mamma sê 'n reeks van 4 – 5 woorde en jy moet kyk of jy die woorde in die regte volgorde kan onthou. Gebruik daarna syfers. (Begin by 'n reeks van 3 en eindig by 5)

Week 8:

- Tel in 2'e tot by 20.
- Kyk of jy nog jou adres en telefoonnommer ken.
- Oefen op 'n 9 te skryf.
- Mamma gee vir jou opdragte en jy moet dit uitvoer:
 1. Raak aan jou neus en klap jou hande.
 2. Sit jou arm op jou kop en kruis jou bene
 3. Gaan sit op die vloer en vou jou arms agter jou rug.
 4. Gaan lê op jou sy en tel jou een been hoog in die lug op.
 5. Gaan sit op 'n stoel en sit jou hak op die sitplek.
 6. Gaan staan op jou knieë en steek een hand in die lug.
 7. Gaan lê op jou maag en plaas jou ken op jou hande.
 8. gaan staan teen die muur en raak met jou ken aan jou knie.

Week 9:

- Lees die volgende sin en laat jou kind dit woordeliks herhaal: Susan oefen elke Woensdag tennis by die skool. (13 lettergrepe)
Doen dieselfde met ander sinne.
- Tel 3 aan vanaf 4, 2 aan vanaf 5, 1 aan vanaf 7, 2 aan vanaf 6, ens. (Gettalle moet onder 10 wees)
- Watter word rym met kat, vuur, huis, kaas, pot en bok.
- Oefen om die w-sigsag patroon te maak.